



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 200

Die memorandum bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A**ANTWOORDBLAD**

VRAAG 1.1						
1.1.1	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 2.1
1.1.2	A	B	C	D	(2)	Toepassing LO12 2.1
1.1.3	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 2.3
1.1.4	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 2.3
1.1.5	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 2.4
1.1.6	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 2.6
1.1.7	A	B	C	D	(2)	Onthou LO12 2.5
1.1.8	A	B	C	D	(2)	Onthou LO12 2.5
1.1.9	A	B	C	D	(2)	Onthou LO12 2.5
1.1.10	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 2.5
1.1.11	A	B	C	D	(2)	Toepassing LO12 1.2
1.1.12	A	B	C	D	(1)	Verstaan LO12 1.2
1.1.13	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 1.2
1.1.14	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 4.1
1.1.15	A	B	C	D	(1)	Onthou LO12 4.3
						(20)

VRAAG 1.2										
1.2.1	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.2	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.3	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.4	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.5	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
										(5)

Onthou LO12 2.4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 1.3											
A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	(5)	

Verstaan LO12 4.1

VRAAG 1.4								
A	B	C	D	E	F	G	(3)	

Onthou LO12 1.2

VRAAG 1.5			
1.5.1	Osteoporose	Onthou LO 12 2.1	(1)
1.5.2	Anorexia Nervosa	Onthou LO 12 2.1	(1)
1.5.3	Cholesterol	Onthou LO 12 2.1	(1)
1.5.4	Diabetes	Onthou LO 12 2.1	(1)
1.5.5	Glukemiese Indeks	Onthou LO 12 2.1	(1)
1.5.6	Bulimia Nervosa	Onthou LO 12 2.1	(1)
1.5.7	Omega 3-vetsure	Onthou LO 12 2.1	(1)
			(7)

Onthou LO12 2.1

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 Menslike immuuniteitsgebreksvirus/MIV ✓ (1)

Onthou LO 12.2.1

- 2.1.2
- Versterk die immuunstelsel ✓
 - Beveg infeksies ✓
 - Vertraag die ontwikkeling van volwaardige VIGS ✓
 - Verbeter welstand/voel beter ✓
 - Verleng lewensduur ✓ (Enige 4) (4)

Onthou LO 12.2.1

- 2.1.3
- Groep A: Grondboontjebotter ✓: Bevat baie proteïene/seleen/sink ✓
 - Groep B: Koejawels ✓: Bevat baie vitamien C ✓
 - Groep C: Wortels ✓: Bevat baie vitamien A ✓ (6)

Verstaan (3) en Onthou (3) LO 12 2.1

- 2.2 2.2.1
- Yster is 'n komponent van hemoglobien ✓ wat benodig word om suurstof in die bloed na elke sel te vervoer/vervoer suurstof van die longe na die res van die liggaam/bloed vervoer nie genoeg suurstof in die liggaam nie ✓
 - Bloed met 'n ystertekort vervoer nie genoeg suurstof na die liggaamselle nie ✓, selle funksioneer nie effektief nie/kan nie hulle funksies verrig nie/kan nie energie vrystel nie ✓
 - Te min suurstof bereik die breinselle ✓ gevolglik verminder die vermoë om te dink / konsentrasievermoë minder/duiseligheid ✓
 - Te min suurstof bereik die liggaamselle ✓ kinders voel moeg/lusteloos/swak/spiere word maklik moeg/min lewenskrag/fisiese vermoëns neem af/swak skolastiese prestasie ✓ (Enige 3 x 2) (6)

Toepassing LO12 2.1

- 2.2.2
- Eet lewer/rooivleis/beesvleis ✓ omdat dit baie yster bevat ✓
 - Eet donkergroen blaargroentes/volgrane/peulgroente/eiers/droë vrugte/seekos ✓ omdat dit baie yster bevat ✓
 - Sluit vitamien C (askorbiensuur) in elke maaltyd in/Eet vitamien C bevattende voedsel, ✓ dit verhoog ysterabsorpsie ✓
 - Voorbeelde van voedsel ryk aan vitamien C is sitrusvrugte/koejawels/aarbeie/bessies/kiwivrug/tamaties/broccoli/Brusselse spruite rooi soetrissies ✓
 - Moenie baie tee of koffie tydens maaltye drink nie ✓ want dit inhibeer/vertraag die absorpsie van yster ✓ (Enige 3 x 2) (6)

Onthou LO 12.2.1

2.3 2.3.1 Lensies ✓ (1)

Verstaan LO 12.2.1

- 2.3.2(a)
- Mense met 'n laktose-intoleransie se liggame het nie die ensiem laktase nie/tekort aan die ensiem laktase ✓
 - Gevolglik kan die melksuiker/laktose nie verteer word nie/onvermoë om groot hoeveelhede laktose te verteer ✓
- (2)

Onthou LO 12.2.1

- 2.3.2(b)
- Sop C ✓
 - Sop C is die enigste sop wat nie enige beesmelk/suiwelprodukte/room bevat nie / ✓
 - En dus ook nie laktose/melk suiker ✓
- (3)

Verstaan LO 12.2.1

- 2.3.3
- Sop C ✓
 - Sop C het die hoogste natrium-inhoud (sout)/457 mg natrium ✓
 - Verminder sout-/natrium-inname/eet minder sout om hipertensie te beheer/'n hoë soutinname kan bydra tot hipertensie/die eet van baie sout veroorsaak hipertensie ✓
- (3)

Verstaan LO 12.2.1

- 2.3.4
- Sop B is die beste keuse ✓ omdat: (1)
 - 'n Persoon wat probeer om vetsug te beheer moet die kilojoule-, vet-, koolhidraat- en proteïen-inname beperk ✓

Sop B

- verskaf minder energie/slegs 160 kJ/g ✓
- bevat slegs 3% room/room verskyn vierde op die lys van bestanddele ✓
- bevat min vet/slegs 1,4 g vet ✓
- verskaf minder koolhidrate/slegs 4,0 g koolhidrate ✓
- verskaf minder suiker/slegs 1,2 g suiker ✓
- verskaf minder proteïene/slegs 1,0 g proteïene ✓
- verskaf meer vesel (1,4g) ✓ vesel hou jou langer versadig/vertraag die gevoel van honger ✓
- het 'n algehele laer energie-inhoud wat positief bydra tot die beheer van vetsug ✓ (Enige 7 redes) (7)

OF

- Sop A is NIE die beste keuse nie ✓ omdat: (1)
- 'n Persoon wat probeer om vetsug te beheer moet die kilojoule-, vet-, koolhidraat- en proteïen-inname beperk ✓

Sop A

- verskaf meer energie/225 kJ/g ✓
- bevat 8% room/room verskyn derde op die lys van bestanddele ✓
- bevat baie vet/2,5 g vet ✓
- verskaf meer koolhidrate/6,0 g koolhidrate ✓
- verskaf meer suiker/1,6 g suiker ✓
- verskaf meer proteïene/1,2 g proteïene ✓
- verskaf minder vesel (0,8g) ✓/vesel hou jou langer versadig/vertraag die gevoel van honger ✓
- het 'n algehele hoër energie inhoud wat negatief bydra tot die beheer van vetsug ✓ (Enige 7 redes) (7) (8)

Evaluering LO 12.2.1

TOTAAL AFDELING B: 40**AFDELING C: KLEDING****VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1
- 'n Stel geskrewe (ongeskrewe) reëls ✓ oor die tipe klere ✓ wat die werkgewer verwag die werknemer moet dra ✓
 - Dit is 'n besigheid se beleid ✓ wat die tipe klere / kleredrag ✓ wat die werknemers moet dra, spesifiseer ✓ (Enige 3) (3)

Verstaan LO 12. 2.3

- 3.1.2
- Klere wat goed pas/gemaklik is/nie te styf is nie ✓
 - Skoene met 'n medium hak/gepoleer en in 'n goeie toestand ✓
 - Moenie te veel bykomstighede gebruik nie/volgens die klerekode van die maatskappy ✓
 - Neem die klerekode van ltileng in ag/Trek aan om by die spesifieke werkomgewing te pas ✓
 - Wees altyd netjies geklee ✓
 - Klere moet skoon wees/gestryk/sonder kreukels ✓
 - Klere moet in 'n goeie toestand wees/sorg dat al die knope aangewerk is ✓
 - Moenie klere dra met omstrede woorde wat aanstoot kan gee nie/Moenie klere dra met kleure wat omstrede boodskappe oordra nie ✓
 - Klere moenie te veel ontbloot nie/te wulps wees nie ✓
- (Enige 6) (6)

Onthou LO12.2.3

- 3.1.3
- Dit kan 'n positiewe invloed op haar selfbeeld hê/haar selfbeeld verbeter/positiewe houding teenoor haarself ✓
 - Sy voel dat haar kollegas/klante/kliënte haar aanvaar, voorkom 'n gevoel van verwerping ✓
 - Sy sal meer ontspanne by die werk wees as sy goed geklee is ✓
 - Sy sal meer selfvertroue by die werk hê ✓
 - As sy bewonder word, sal dit haar selfvertroue/selfbeeld/ gevoel van sekuriteit verhoog ✓
 - As sy haar klere met selfvertroue dra, sal dit die respek wat ander aan haar betoon beïnvloed ✓
- (Enige 4) (4)

Verstaan LO12.2.3

- 3.2
1. Vernuwing/innovasie/bekendstelling/ontluikende/ontstaan/lanseer/begin ✓
 2. Toename/groei/nabootsing/versnelling ✓
 3. Hoogtepunt/ekonomiese/populêre/versadigingspunt/toppunt/ volwassenheid ✓
 4. Afname ✓
 5. Verouderd/oudmodies/uit die mode ✓
- (5)

Onthou LO12.2.4

- 3.3
- Mode-item op uitverkoop/afslag/goedkoper/spesiale aanbiedings ✓
 - Minder mode-items op die rakke/uitstallings/beskikbaar ✓
 - Minder mense dra die mode-items ✓
 - Nuwe mode-items/ontwerpe op uitstalling ✓
- (Enige 3) (3)

Toepassing LO12.2.4

- 3.4
- Modeneigings word vinniger en makliker gekommunikeer/vinnige toegang tot modeneigings/meer gevorderde kommunikasie en media (bv. Internet) beskikbaar aan individue ✓
 - Mense sal modeveranderinge makliker aanvaar omdat hulle blootgestel is aan die media ✓
 - Klerewinkels gebruik die media om meer mense te bereik. ✓
 - Klerewinkels kan nuwe modeneigings makliker en vinniger bemark/adverteer ✓
 - Dit stel die mode aan alle sosiale- en ekonomiese klasse dwarsoor die wêreld/ groot verskeidenheid mense bekend ✓
 - Mense kan nuwe modeneigings makliker en vinniger deur middel van internetaankope/katalogusaankope/posbestellings bekom ✓ (Enige 5) (5)

Toepassing LO12.2.4

- 3.5 3.5.1
- Goeie kwaliteit ✓
 - Hoë pryse ✓
 - Status ✓
 - Kennis van nuutste modeneigings ✓
 - Beeld van die Adidas-maatskappy ✓
 - Sukses/prestasie ✓
 - Populariteit ✓
 - Aanvaarding ✓
 - Belangrikheid ✓
 - Eksklusiwiteit ✓
 - Oorspronklikheid ✓ (Enige 4) (4)

Verstaan LO12 2.4

- 3.5.2
- Hulle verteenwoordig die Suid-Afrikaanse verbruikers ✓
 - Hulle lig verbruikers in oor hulle regte ✓
 - Hulle verwys verbruikers na die regte organisasies as hulle klagtes het ✓
 - Monitor en opper verbruikerskwessies ✓
 - Verskaf raad aan verbruikers met finansiële probleme ✓
 - Verskaf verbruikersopvoeding ✓
 - Doen navorsing/stel ondersoek in/ toets produkte om klagtes te staaf en te voorkom ✓ (Enige 4) (4)

Onthou LO12 1.1

- 3.5.3
- Hy het nie korrek gekla nie ✓ (1)
- Redes
- Hy het nie die kwitansie by hom gehad toe hy gaan kla het nie ✓
 - Hy was woedend en het die winkel binne gestorm ✓
 - Hy het nie gevra om met die bestuurder te praat nie ✓
 - Hy was ongeskik/nie beleefd/onbeleefd teenoor die verkoopsman deur die T-hemp in sy gesig te smyt. ✓
 - Hy het die winkel met regsstappe gedreig ✓
 - Hy het nie die winkel ingelig oor die vergoeding wat hy wil hê nie ✓
 - Hy het nie die korrekte prosedure om te kla gevolg nie. ✓ (Enige 5 redes) (5) (6)

Analiseer LO12 1.1

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Deeltitel ✓ (1)

Verstaan LO 12.2.5

- 4.1.2
- Al die feite in verband met die eiendom, insluitend foute moet bekend gemaak word/Foute moet aan die koper uitgewys word ✓
 - Help die gesin om die 'aanbod om te koop'-vorm te voltooi/Stel die 'aanbod om te koop' op/Lei die gesin tydens die 'aanbod om te koop'/ Bied die 'aanbod om te koop' aan die verkoper ✓
 - Bepaal die koopkrag van die gesin/hoeveel het die gesin om te spandeer/ hoeveel die gesin kan leen ✓
 - Skakel tussen die koper en verkoper/Onderhandel om die koopooreenkoms vir albei partye aanvaarbaar te maak/Onderhandel die koopprys tussen die koper en verkoper/Sy is die onderhandelaar tussen die koper en verkoper ten opsigte van die prys, terme, okkupasiedatum ens. ✓
 - Behulpsaam met die aansoek vir 'n lening by die bank/ doen aansoek vir 'n lening namens die koper ✓
 - Maak seker dat kwitansies vir alle geld wat deur die koper betaal is, uitgereik word en die geld in die toepaslike trust rekening in betaal word ✓
 - Kontroleer dat die rente wat verdien is op trustgeld aan die regte persoon betaal word ✓
 - Koördineer en beheer al die aktiwiteite wat plaasvind nadat die 'aanbod om te koop' geteken is, en totdat die eiendom in die koper se naam geregistreer is ✓ Enige (4) (4)

Verstaan LO 12.2.5

- 4.1.3(a) • Oordragkoste ✓
 • Aktekantoorfooi ✓
 • BTW ✓
(LET WEL: Oordragkoste word nie betaal op R590 000,00 omdat R0–R600 000,00 vrygestel is van oordragkoste.) (3)

Verstaan LO 12.2.5

- 4.1.3(b) R340,00 ✓ (1)

Onthou LO 12.2.5 / LO 12.1.2 / LO 12.3.4

- 4.1.3(c) Die munisipaliteit ✓ (1)

Onthou LO 12.2.5 / LO 12.1.2 / LO 12.3.4

- 4.1.4 'The Body Corporate'/regspersoon wat die blok beheer ✓ (1)

Onthou LO 12.2.5

- 4.1.5 • Betaal vir die daaglikse bestuur van die kompleks. ✓
 • Versekering op die geboue in die kompleks. ✓
 • Instandhouding van die buitekant van geboue in die kompleks bv. verf die mure/ instandhouding van geboue. ✓
 • Instandhouding van die algemene areas/tuine van die kompleks. ✓
 • Betaal instandhoudingspersoneel. ✓
 • Waterverbruik van al die areas wat te doen het met die kompleks bv. tuine, uitsluitend/ behalwe die eienaar se eie private waterverbruik ✓
 • Elektrisiteitsverbruik van areas in die kompleks bv. ligte in die parkeerarea, ligte by die hek, uitsluitend/ behalwe die eienaar se eie private elektrisiteitsverbruik. ✓
 • Veiligheidsreëlings van die kompleks. ✓
 • Verantwoordelik vir enige buitengewone uitgawes bv. oorstroming van die tuine, skade aan dakke a.g.v. storms, behalwe uitgawes wat te doen het met die binnekant van die meenthuis ✓ (Enige 4) (4)

(LET WEL: In die geval sal die maandelikse heffings nie die munisiale belasting insluit nie, omdat die advertensie meld dat dit apart betaal word)

Onthou LO 12.2.5

- 4.1.6
- Mure gepleister en geverf: Hulle sal elke paar jaar self die mure moet verf/oorverf ✓ en dit is taamlik duur/ baie duur ✓
 - Volvloermatte: Matte vlek maklik en moet van tyd tot tyd professioneel skoongemaak word/ moet gereeld gestofsuig/ skoongemaak/na 'n paar jaar vervang word/ ✓ Om matte in stand te hou is duur omdat mens 'n stofsuier moet koop/ professioneel te laat skoonmaak/ te vervang ✓
 - Teëlvloer: Maklik om te onderhou/Hoef nie te stofsuig nie/ word slegs gevee en met seepwater gewas ✓ Goedkoop om te onderhou/Enigste koste is die teëlskoonmaakmiddel ✓
- (3 x 2) (6)

Toepassing LO 12.2.5

- 4.1.7
- Bewaar natuurlike hulpbronne ✓
 - Spaar energie ✓
 - Skep werksgeleenthede ✓
 - Minder rommel ✓
 - Minder afval /verminder afval ✓
 - Verminder lugbesoedeling ✓
 - Verminder waterbesoedeling ✓
 - Verminder grondbesoedeling ✓
- (Enige 3) (3)

(LET WEL: As die leerders slegs beheer/verminder besoedeling skryf kan een punt toegeken word)

Onthou LO 12.2.7/12 3.4

4.2 4.2.1

	KOOKPLAAT A TWEESOLIEDE PLATE	KOOKPLAAT B TWEESPIRAALPLATE
Skoonmaak	<ul style="list-style-type: none"> • Makliker om skoon te maak ✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Moeiliker om skoon te maak ✓
Hoe vinnig dit warm of koud word	<ul style="list-style-type: none"> • Neem langer om warm te word ✓ • Bly lank warm nadat plaat/element afgeskakel is ✓ 	<ul style="list-style-type: none"> • Word gou warm ✓ • Word gou koud nadat plaat/element afgeskakel is ✓

(6)

Verstaan LO 12.2.6

- 4.2.2 • Spiraalplaat ✓ (1)

Verduideliking:

- Die spiraalplaat word gou warm en elektrisiteit word nie vermors nie omdat die kookproses onmiddellik begin ✓
- Die soliede plaat neem langer om warm te word en elektrisiteit word vermors omdat dit lank neem om warm te word voordat die kookproses begin ✓ (Enige rede) (1) (2)

Toepassing LO 12.2.6

- 4.3 4.3.1 • Gloeilamp A is 'n gewone/tungstenfilament-gloeilamp ✓
• Gloeilamp B is 'n KFL/ CFL (kompakte fluoresserlamp) ✓ (2)
- 4.3.2(a) • Alhoewel gloeilamp B duurder is as gloeilamp A ✓ sal dit langer hou as gloeilamp A ✓
• Gebruik minder elektrisiteit as gloeilamp A ✓
• Op die lang termyn sal geld bespaar word as gloeilamp B gebruik word ✓ (Enige 2) (2)
- 4.3.2(b) • Gloeilamp A se energiedoeltreffendheidslesing is E ✓
• Gloeilamp A se energiedoeltreffendheid is swak/teen 'n laer energiedoeltreffendheidsvlak beraam ✓
• Gloeilamp B se energiedoeltreffendheidslesing is A ✓
• Gloeilamp B se energiedoeltreffendheid is uitstekend/goed/is energiedoeltreffend/teen die hoogste energiedoeltreffendheidsvlak beraam ✓ (Enige 4) (4)

Analiseer LO 12.2.6

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTREPRENEURSKAP**VRAAG 5**

- 5.1 5.1.1 • 'n Persoon wat met 'n besigheid begin ✓
• 'n Persoon wat 'n gaping/nuwe geleentheid in die mark raaksien/inisiatief neem. ✓
• Het die moed om geleenthede aan te gryp. ✓
• Het die vermoë om 'n besigheid te bestuur/ bestuur sy/haar eie besigheid ✓
• 'n Persoon wat produkte produseer of verkoop. ✓
• 'n Persoon wat 'n besigheid begin met die doel om 'n profyt te maak ✓. (Enige 2) (2)

Onthou LO 12.4.2

- 5.1.2
- Groep mense ✓ aan wie 'n spesifieke produk verkoop word ✓
 - Groep mense ✓ wat 'n spesifieke produk koop ✓
 - Spesifieke groep mense/mense met dieselfde eienskappe ✓ wat 'n produk sal koop ✓
 - Voornemende kopers ✓ van 'n spesifieke produk ✓ (Enige 2) (2)

Onthou LO 12.4.2

- 5.2
- Prys ✓
 - Plek ✓
 - Promosie ✓
 - Produk ✓ (4)

Onthou LO12 4.2

- 5.3. 5.3.1
- Die toerusting sal langer hou/meer duursaam wees ✓
 - Die toerusting sal goed werk ✓
 - Produksie sal nie onderbreek word vir herstelwerk nie ✓
 - Geld word bespaar op herstelwerk/ breek nie so gou nie ✓
 - Sal nie geld verloor tydens produksie nie/spaar produksie tyd ✓ (Enige 4) (4)

Verstaan LO 12.4.1

- 5.3.2
- Jy sal klante behou/klante keer terug/lojaliteit. ✓
 - Klante se behoeftes word bevredig. ✓
 - Klante gee terugvoer om besigheid te verbeter. ✓
 - Klante moedig ander mense aan om by jou besigheid te koop/ bring vriende saam/gratis/mondelingse advertensie ✓
 - Die besigheid sal floreer/volhoubaar wees. ✓ (Enige 4) (4)

Verstaan LO 12.4.1

5.5.2 Jacob se besigheid sal meer volhoubaar wees. ✓ /hy sal op die lang termyn profyt maak. ✓ (2)

Redes:

- Hy ken die spesifikasies van die produk ✓
- Ken sy teikenmark ✓
- Volg die presiese spesifikasies tydens produksie van die produkte ✓
- Hou koste so laag as moontlik sonder om gehalte in te boet ✓
- Hy beheer sy finansies ✓
- Beoefen gehaltebeheer deur gereelde steekproewe te maak ✓
- Stel vaardige werkers aan ✓
- Koop gehalte grondstowwe ✓ (Enige 3 redes) (3)

Abdul se besigheid sal heel moontlik misluk ✓/nie 'n profyt maak nie/hy sal op die lang termyn veranderinge moet aanbring om 'n profyt te maak ✓ (2)

Redes:

- Hy het nie die teikenmark voor produksie bepaal nie/dink hy sal die teikenmark bepaal na produksie reeds begin het ✓
- Hy dink nie veiligheid en gehaltebeheer speel 'n rol nie ✓
- Hy het te veel geld op die verpakking bestee ✓
- Hy dink nie enige verder promosie is noodsaaklik nie ✓
- Hy het die meeste van sy geld gebruik om grondstowwe en toerusting te koop ✓ (Enige 3 redes) (3) (10)

Evaluering LO 12.4.2

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 200